Kollig
Light

# SOVEEL PLAASLIKE TALENT!



**Kunstenaar: Auret Norval. Medium: Waterverf**

Auret is n ongelooflik begaafde kunstenaar! Sy verkies om in waterverf en potlood te werk. Auret is reeds sedert 2001 'n lid van die Kokanje Kuns en 'Craft' Klub. Die klub se lidmaatskap het vanjaar met amper n derde vermeerder, ten spyte van die Covid-gogga wat so aan ons hakskene bly byt! Ons kan nie wag om weer saam kreatief te kan skep na die huidige inperking nie!

# REDAKSIONEEL

***KOLLIG LIGHT (SPOEDIG DALK OOK KOLLIG) IS OP DIE INTERNET BESKIKBAAR***

**Die voordele van Kollig op die Internet (die *"Digitale Kollig"*)**

Kokanje sal mettertyd kan bespaar op die getal eksemplare van Kollig wat op papier gedruk word, omdat sekere inwoners die Internet as medium sal verkies bo papier. (So 'n besparing kan moontlik gebruik word om inwoners wat sukkel om te lees, te help om eerder na die voorlees van teks in elke Kollig te *luister*.)

Anders as met drukwerk, kos kleur op die Internet nie meer as swart-en-wit nie. Dit beteken groter lees-en-kykgenot (vergelyk gerus die papierweergawe van hierdie Kollig Light met die digitale weergawe. Selfs video en klank kan verniet of heel bekostigbaar via die Internet oorgedra word.

Verwysings ("hyperlinks" of "skakels") na ander Internet-bronne (soos die onderstreepte woorde in hierdie Kollig Light) is kosteloos en maklik om baas te raak – en dit kan die waarde van Kollig aansienlik verhoog.

Voornemende inwoners, familie van inwoners, oud-inwoners en adverteerders kan wêreldwyd gratis op hoogte bly van dit wat in Kollig gepubliseer word.

Dit is aansienlik makliker om na 'n spesifieke woord of frase in digitale teks te soek as om dit in gedrukte teks te doen.

Aanlyn-meningsopnames is moontlik, waardeur die Kolligredaksie en die Kokanje-bestuur inligting kan bekom oor inwoners se menings en behoeftes.

**Nadele van Kollig op die Internet (die "Digitale Kollig")**

Aanvanklike "groeipyne" is onvermydelik.

'n Beduidende persentasie inwoners beskik nie oor digitaalvriendelike toerusting (slimfone, rekenaars of rekenaartablette) of toegang tot die Internet nie. Diegene wat wel daaroor beskik, is nie altyd lus om dit baas te raak nie – soms vir geldige redes.

Die Internet is nie nét 'n vriendelike en veilige "plek" nie: soos by enige plek waar daar mense is, moet 'n mens versigtig wees vir skelms.

**Vir die digitale Kollig: As jy oor 'n rekenaar, rekenaartablet of slimfoon met toegang tot die Internet beskik:**

1. Konnekteer jou rekenaar, tablet of slimfoon met die Internet. (As jy 'n WhatsApp-boodskap kan ontvang of stuur, is jy reeds met die Internet verbind.)
2. Tik die volgende op jou rekenaar, tablet of slimfoon se skerm om by die digitale Kollig uit te kom:

**http://kokanjeaftreeoord.co.za/kollig**

3. Kliek dan op die blokkie waarop staan "LAAI AF".
4. Kies nou een of meer van die volgende onderstreepte opsies (op jou selfoon, tablet of rekenaar) deur daarop te kliek met jou "*cursor*" of vinger, ten einde met behulp van die Internet verdere inligting op jou skerm te sien:

• For **Waterberg Tourism**, click here: https://waterbergtourism.com/ or **here**.

• For **Limpopo Information**, click here: https://www.limpopo-info.co.za/provinces or **here**

• For **Modimolle/Nylstroom information**, click **here**

**As jy sukkel, hou goeie moed!**
***Daar is hulp (in Engels of Afrikaans):***
**Jill Cairns van Kokanje:**
**sel 083 2304574, huistelefoon 014-715-2036, e-pos jill.cairns@telkomsa.net.**

Dr C A S Breedt beveel die volgende webwerf aan vir gesaghebbende mediese en gesondheidsinligting:

**www.medscape.com/familymedicine** or click **here**

# A STORY FOR ALL THE EX LYDENBURGERS AT KOKANJE

When finally doing a 'spring clean' of my email inbox, I was perusing the articles in one of The Heritage Portal newsletters and came across one entitled Zanuso and Coromandel House.

A book is being written and one could subscribe for a copy so off went my email with the



note that my husband Alastair *(picture above)* had purchased the farm Coromandel in 1969 for Sydney Press (founder of Edgars Stores) and was the first General Manager.

Edna Peres, who qualified as an architect at the University of Pretoria and now lives in Portugal, couldn't believe her luck that she could communicate with someone who had actually lived on the farm in the early days and while the house and stables were being built. Edna was keen to be able to get a feel of what it was like in the early days of being on Coromandel and developing it into becoming one of the 'model' farms in the country at the time. So there was a reason why I had kept Alastair's original letter of appointment, all his references from previous employers, including his time in America where he worked on several ranches in Texas, Illinois and Wyoming.

I still have the letter received from Professor Jan Bonsma (the late Klasie Bonsma's father), who was Guest Professor at Texas A&M University at the time, and assisted in getting employment etc. to enable Alastair to obtain the necessary paperwork required for him to enter America in 1965, where he stayed for two years, before returning to South Africa.

And what did one do when lockdown hit us last year, but start scanning the many boxes of slides that had kept moving with us! So, fortunately a photographic record of the early days of developing Coromandel is available. David Goldblatt, the well-known South African photographer, was approached by Sydney Press to photograph the farm. Alastair recalls his visit to the farm and remembers what an exceptional photographic collection they are. As it had been a private agreement between Sydney and himself, the photos were never part of the Goldblatt collection available to the public, but the good news is that they will be published in the book.

So, perhaps the moral of the story – maybe hesitate for a moment before throwing away 'old papers' and either scan them to keep a digital copy or just keep the original!

- Marion Moir 64C

# GOUE JARE?

*"As jy aftree kan jy begin doen wat vir jou lekker is,"* sê hulle. *"Maar pasop, dis ook 'n tyd waarin skeidings, egskeidings, depressie en selfdood toeneem,"* word bygevoeg. *"Want as jy nie jou aftrede reg beplan met stokperdjies nie, kan doelloosheid en verveling jou opvreet."*

*Dit* is waarvoor Kokanje se talle klubs en komitees daar is: Vir sosiale samesyn en om geleenthede te skep waar ons dinge kan doen wat lekker is omdat dit ons lewens verryk.

As nuus-uitsnuffel of "stories" skryf of die digitale wêreld of die drukkersbedryf of iets kunstig soos fotografie of kleurvolle bladuitleg of organiseer dalk jou lewe sal verryk, *oorweeg dit om uit te vind of jy deeltyds of voltyds 'n rol kan speel by die Kolligredaksie*. Ons gaan deur 'n moeilike tyd van aanpassings, maar ons vorder! Soos by nuuskantore van koerante is die lewe redelik onvoorspelbaar, maar *dis* nie altyd sleg nie. En ... as dit nie meer lekker is nie, groet jy, jy vat jou goed en jy loop. Dis soos die wêreld mos behoort te werk! Skakel: 082 5515615.

# NUWE INTREKKERS

**Pieter en Alta (gebore Fourie) Swanepoel** trek binnekort by Krinkhoutstraat 57C in. Hulle kom van Sunnyrock, tussen Edenvale en Gauteng af. Hulle is tans nog lede van die voëlklub van die Oos-Rand. Hulle kamp graag met 'n pad-woonwa of 'n boswa en stel ook belang in klassieke voertuie. Hulle sien daarna uit om by Kokanje se klubs aan te sluit.



**Wilna (gebore Boshoff) Uys** se eerste tuiste was in die Johannesburg-omgewing. Na haar huwelik woon hulle eers in Polokwane en toe boer hulle tussen Louis Trichardt en Mussina vir 30 jaar. Daarna na 'n vallei 15 km buite Louis Trichardt, vir 20 jaar. Na haar man se afsterwe lok die veiligheid van Kokanje haar na Kameeldoringstraat 96E. Die huis is gerieflik, die mense is gaaf en gasvry - sy bly lekker!



**Jasper en Alida van der Walt** kom van Kranspoort en woon nou in Krinkhoutstraat 62F. Alida se nooiensvan was **Joubert**. Jasper het reeds by die Jukskeiklub aangesluit.



**Hennie en Mali Lacock** woon tans nog op die Magersfontein Gholflandgoed naby Kimberley. Hennie is in Namibië gebore en het in Paul Roos, Stellenbosch, skoolgegaan. Mali was 'n nooi **Muller** van die Tweeling- en Reitz-omgewing. Hulle sien daarna uit om in Koraalboomstraat 113C te vestig.



**Rodney Robinson** het vir ongeveer 38 jaar in Pretoria gewoon voordat hy 15 jaar gelede afgetree het. **Elna Booysen** het ook in Pretoria gewerk en het onder andere haar eie eiendomsbedryf op die been gebring. Nege jaar gelede het Elna na Modimolle verhuis. Rodney het ses jaar gelede ook na Modimolle verhuis en dit was toe dat hulle ontmoet het. Na 'n verhouding van ongeveer vier jaar het hulle besluit om hulle lewens saam te voeg. Hulle deel 'n voorliefde vir reis (wat natuurlik nou weens COVID-19 eers moet wag). Elna het in haar jonger dae heelwat staptoere gereël en gestap. Rodney stap ook graag en het reeds in Kokanje meegedoen aan jukskei en pluimbal asook aan die stapklub, maar moes dit alles ongelukkig vir eers staak. Beide van hulle was lede van die Nylstroomse Rolbalklub en wil so gou moontlik by die klub in Kokanje aansluit. Hulle sosialiseer graag en is lief vir kaartspeel en om in die tuin en huis (Boekenhoutstraat 33E) te woel en te werskaf.



# UITHEEMSE PLANTE: NAGBLOM *(Cereus jamacru)*

Kokanje se Omgewingskomitee beplan om weer op 'n gereelde basis terugvoer te gee oor sake van belang vir omgewingsbewaring in ons mooi oord.

In die volgende uitgawes van die KOLLIG kyk ons na enkele uitheemse plante wat in Kokanje voorkom en ons omgewing bedreig.

**Koningin van die nag kaktus** of **Nagblom,** ***"Queen of the night cactus"***, of, botaniese naam *Cereus jamacaru*.

Die plant is oorspronklik afkomstig uit Suid-Amerika en is 'n groot, regopgroeiende silindervormige kaktusspesie met groot wit blomme.

Dit plant blom in die nag. Wanneer die blom verwelk, val die blomblare af, die vrugbeginsel vergroot en vorm 'n vleesagtige kleur vrug. Die vrug bevat klein swart saadjies wat deur voëls en ape geëet word en deur hul mis wyd en ver versprei word.

Die plant word soms verwar met die inheemse naboom (Euphorbia spp.) wat nie vervuil nie want dit word deur miljoene jare effektief ekologies beheer.



**Wetgewing**

Koningin van die nag is ingevolge NEMBA (National Environmental Management and Biodiversity Act, Wet nr 10 van 2004), as 'n kategorie 1B-onkruid verklaar.

Kategorie 1B=plante mag nie versprei word, of toegelaat word om te versprei nie.

- Dit mag ook nie voorkom in stedelike gebiede nie, en moet effektief beheer word op alle plase in die Republiek.
- Eienaars en bewoners word deur die wet verplig om die plant effektief te beheer in tuine en op plase. Ons moet dit dus effektief in Kokanje beheer.



Waar ons die plant vind in Kokanje versoek ons die oordbestuur om dit te verwyder.

- Hildegard Klein, AAPR-PPRI, SA



Marinda van der Westhuizen

**Relevante bronne:**

Invasive species: South Africa


BioNET-EAFRINET

Landbounavorsingsraad

Foto's

# DIE GEBRUIK VAN GAS-APPARAAT IN KOKANJE

Die swak en onderbreekte voorsiening van elektrisiteit deur Eskom noop inwoners van Kokanje om alternatiewe energiebronne te oorweeg.



Een so ‘n energiebron is vloeibare petroleumgas (in Engels: LPG) wat gebruik kan word vir beligting, kook en verwarming.

Vir inwoners in Kokanje kan hierdie energiebron egter groot gevaar inhou.

Hierdie risiko's word aangespreek in die Kokanje Aftreeoord se *Beleid oor Beroepsgesondheid en –veiligheid* (ooreenkomstig Wet Nr 85 van 1993, soos gewysig).

Petroleumgas word onder hoë druk gestoor en kan baie gevaarlik wees indien dit nie op die regte manier gebruik word nie. Die brand van organiese materiaal skei verskeie giftige gasse af, waarvan Koolstofmonoksied (CO) dodelik kan wees indien daar nie voldoende ventilasie in die vertrek is nie.

Ander risiko’s met die onverantwoordelike gebruik van gas is ontploffings, brande, beserings, beskadiging van eiendom en selfs die dood.

Pype en silinders wat lek, foutiewe reguleerders en selfs die stoor van gassilinders moet nie onderskat word nie. Die verkeerde hantering van silinders kan daartoe lei dat persone val, spierbeserings en kneusings opdoen en bene breek.

Die gas-apparaat is meestal van goeie materiaal en tegnologie vervaardig, maar dit vereis ‘n mate van vaardigheid om dit te gebruik. As ‘n mens jonk en vaardig is met tegnologie kan daar min probleme voorkom met gas, maar soos ’n mens ouer word verminder/ontbreek koördinasie en vaardigheid. U sal onthou dat toe ons jonger was, die aansteek van ‘n kers en lampe, insluitend gas-apparaat, geen probleem was nie. Soos ’n mens ouer word, vervaag en verminder hierdie fyn motoriese beweging om met veiligheid gastoestelle aan te steek.

U word dus versoek om deeglik te besin voordat van losstaande gas-apparaat gebruik maak vir lig en verwarming. Oorweeg eerder ander metodes.

- Jean du Plessis

---

**Toegang tot alle**

**Kokanje-inligting op jou slimfoon!**

**(*My Inligting vir Lewe in Kokanje = MILK*)**

*E-pos jou naam en huisnommer aan*

jan.delport@absamail.co.za

*vir gratis registrasie op Kokanje se MILK-toep*

### VERMISTE BOEK

Sal die persoon aan wie ek die boekie *"Die eensame graf in die Visriviervallei"* geleen het, dit asseblief aan my terugbesorg? Ek heg baie sentimentele waarde daaraan en sal dit baie waardeer as ek dit kan terugkry.

Alet Smit - 54D

014 715 2709

083 235 8391

# MY LAPPIESKOMBERS

As ’n Donderdagoggend verby skuif sonder ’n kuiertjie van my hartsvriendin, Lonka Bergsma, weet ek daar skeel iets.



In ’n swak oomblik het ek besluit om my wortels te verplant, Pretoria toe. ’n Seunskind het my kop geswaai – dankie Vader – met net een vraag: ”Is jy gelukkig in Kokanje?” Die nagte het lank getrek en ek het gestoei met my eie planne. Lonka was van die eerste wat geweet het van my verhuisingsplanne. Gelate het sy dit aanvaar sonder op- of aanmerkings.

Pretoria het met tyd by die deur en by my kop uitgewaai en ek het weer begin nesskop in my veilige skuiling. Enige vrou mag mos haar “mind change”.

Donderdagoggend breek aan, die ketel fluit in die kombuis en met ’n breë glimlag strik ek die pakkie van Lonka oop, ”Vir jou going away en jou coming back”.

Die lappieskombers met sy hemelse verskeidenheid blou, rooi en geel blokkies lê snoesig op my bed. Elke blokkie vertel ’n storie van deurmekaar gedagtes en besluite wat tot rus gekom het met dankbare positiewe insigte.

# † BURTIE GROBBELAAR

Jy het jou paspoort verloor en by die Grenspos het ons planne gemaak. Ons was slimmer as enige beampte wat ons wou keer. Met ’n breë glimlag sonder ’n paspoort het die toerbus vertrek en sommer daar het ek lief geword vir jou.

’n Geruime tyd gelede het ons ’n Kersmaal by Koro Creek gereël maar vroegtydig het jy laat weet “ek gaan laat wees want ek wag vir my seun”. So, daardie dag was ek nie bekommerd nie.

Die ete was al in volle swang toe jy aan die arm van jou seun met ’n haelwit uitrusting bo-aan die trap verskyn. Toé het ek in die Kollig geskryf jy kon uit die modetydskrif Vogue gestap het. Burtie, ’n paspoort is nie nou meer nodig nie – jy het jou paspoort gelewe. Jy het jou lewe in ’n Nuwe Hemel verdien.

Maureen Neethling – 100F

# WELKOM AAN ‘N NUWE ADJUNKREDAKTEUR

Christoff Zietsman het onlangs by die redaksiekomitee van Kollig aangesluit as Adjunkredakteur: Produksie. Hy woon al ’n jaar of wat in Kokanje maar het nog nie voorheen by aktiwiteite in Kokanje betrokke geraak nie. Gedurende sy loopbaan was hy betrokke by die doseer van Latyn en Klassieke Geskiedenis (Grieks en Romeins) aan verskillende universiteite. Dit is ’n aanduiding van sy belangstelling in onder andere tale en die verskaffing van inligting.



In ’n tyd toe die redaksie gesukkel het om vorm aan te neem (’n fase wat steeds aan die gang is) en beginselbesluite te neem oor die doelwitte van Kollig asook die mees effektiewe wyses om die doelwitte te bereik, was en is Christoff se skerp oog en besadigde benadering goud werd. Hy is in die diep kant ingegooi en hy swem gewillig saam en soek na nuwe metodes - sonder om goeie ou metodes met die badwater uit te gooi.

## *PITKOS - JY HET 'N KEUSE*

***- Gielie Combrink***

Die lewe is 'n lewe van keuses. In die begin jare van jou lewe word daar vir jou gekies, maar soos jy ouer word, maak jy self keuses.

Hierdie vermoë om te kies is in die ouderdom nog steeds jou reg, jou voorreg, maar ook jou verantwoordelikheid. Hoe en wat jy kies, bepaal die aard en kwaliteit van jou lewe. Die gevolge van jou keuses kan positief of negatief wees.

Hoe sien jy ouderdom? "Sien jy die glas (ouderdom) half vol of sien jy dit half leeg". Jy het ook `n keuse hoe jy na jou omstandigheid gaan kyk. Kyk jy net na alles wat jy in die ouderdom nie meer het of kan doen nie, of kies jy om op jou oudag te kyk na wat nog in jou lewe oor is?

Jy het `n keuse om nie net op die skete van die ouderdom te konsentreer nie. Konsentreer jy op die negatiewe kry jy "ouderdom-sooibrand". Net soos jy `n keuse het om nie iets te eet wat jou sooibrand gaan gee nie, net so het jy 'n keuse om nie toe te laat dat 'n gedagte, 'n gesprek of 'n standpunt jou "ouderdom-sooibrand" gee nie.

Sê vir jouself: "*Ek het `n keuse* oor hoe ek op nuus of op enige gebeurlikheid gaan reageer". Hier volg `n paar keuses: "Ek kies om nie op my oudag `n ou suurknol, wat oor alles kla, te wees nie. Ek kies om nie mee te doen aan negatiewe geselskap nie. Ek kies om ongeag my liggaamlike kwale en gebreke nog steeds die mooi en goed in die lewe raak te sien. Ek kies om deur al my plooie nog te glimlag en blymoedig te wees. Ek kies om nie toe te laat dat my kinders se ongeluk my van my eie lewensvreugde beroof nie. Ek kies om vriende te kies wat my positief kan beïnvloed. Ek kies om die mooie te soek en te bedink en om die kwade te los."

In die Bybel is daar `n keuse-opdrag: "Kies dan die lewe, dat jy kan lewe" (Deut. 30:19). Om dit wat vir jou goed is te kies, is nie net `n opdrag nie, maar is `n wilsbesluit wat daagliks geneem moet word, sodat jy lewensin en lewensvreugde kan beleef.

***Kies die Lewe!***

## *IN MEMORIAM*

Die volgende inwoners is onlangs oorlede. Namens almal in Kokanje betuig ons innige meegevoel met hulle geliefdes, familie en vriende:

| | | |
|---|---|---|
| Lucia Oosthuizen | 12A | 6 Junie 2021 |
| Flip Joubert | 70C | 9 Junie 2021 |
| Cathy Heydenrych | 11D | 11 Junie 2021 |
| Cora Govea | 71F | 11 Junie 2021 |
| Jan Boot | 119D | 15 Junie 2021 |
| Jan Koster | 60C | 15 Junie 2021 |
| Burtie Grobbelaar | 5C | 19 Junie 2021 |
| Richard Fick | 38D | 29 Junie 2021 |
| Leenta de Lange | 19D | 30 Junie 2021 |




Inwoners wat belangstel om van die Kokanje-deurmatjies te bekom kan 'n bestelling by Anina Pretorius plaas. Die koste beloop R638,69 per mat, wat aflewering insluit. Neem kennis dat 'n bestelling slegs gedoen kan word indien 30 of meer matjies bestel word.
**Plaas bestellings -**
per epos: bemarking@kokanjeaftreeoord.co.za
WhatsApp: 079 129 6927

***VRYWARING***

Menings is rubriekskrywers en adverteerders se eie en weerspieël nie noodwendig dié van KOLLIG of Kokanje nie. Kopiereg van artikels en rubrieke berus by die skrywer. Kollig redaksie behou die reg om artikels en rubrieke te verkort, taal te versorg en vir plasing te keur, sonder om die strekking van die inhoud te verander.

***DISCLAIMER***

Opinions are columnists and advertisers' own and do not necessarily reflect those of KOLLIG or Kokanje. Copyright of articles and columns rests with the author. KOLLIG editorial retains the right to shorten articles and columns, take care of language and approve for placement, without changing content creation.

# BONUSBLADSY OOR DIE KOKANJE PERSONEELHUISE

*Hierdie bladsy verskyn vir tegniese redes nie in die gedrukte Kollig Light nie.*

Die afgelope twee maande werk die boukontrakteurs dat die grond bewe om twee personeelhuise te bou en gereed te maak vir bewoning deur essensiële personeel - die bemarkingsbeampte en die hoof van versorgingsdienste. Hier is 'n paar foto's wat vir ons lesers wys hoe goed sake vorder.Dis duidelik dat die kontrakteurs nie gras onder hulle voete laat groei nie en dat as die winter verby is en die lente begin, die nuwe inwoners sal kan begin om regte gras te plant en tuin te maak.

Dankie aan Elma Venter, Kollig se boutoneelfotograaf.



<Daar word gewerk aan die vlaklaag van een van die huise.



Die huis is al dakhoogte.>



<Dakteëls is al gelê.



Die binne-afwerking vorder.>